

Rachelle Greeff aan die woord

Op 19 Oktober 2017 voer Francois Verster 'n onderhoud met die bekroonde en gewilde Afrikaanse skrywer Rachelle Greeff:

1. Het jy al op skool geskryf en gedroom van skrywer word?

Ek het sulke ou versies geskryf. In 'n ou klaswerkboek met 'n potlood. Af en toe. Ons dominee, die digter en later mediaredakteur I.L. de Villiers, kom daarvan te hore. (My ma, wie anders? Sy is 'n nooi De Villiers van die Paarl, en sy en Izak, ditto Paarl, erg danig oor mekaar. Ek word na sy studeerkamer genooi daar in Meadowridge. Donker, lieflike houtboekrakke tot by die plafon met so 'n ekstra balkondeel die lengte van die vertrek ook vol boeke, deurmekaar, kruis en dwars. Groot houtlessenaar. Hy't my langs hom laat sit in die poel lig van sy tafellamp en met 'n potlood meedoënlose strepe en merke in my "poësie" maak. Lang, selfversekerde hale. Hy't my onder meer gevra hoekom ek die klank van 'n mossie mooi vind? Eerder 'n tortelduif, het hy voorgestel. En hy sluit af, heel opgemaak en vriendelik genoeg, met, "Ek voorspel jy gaan 'n digteres word, my meisiekind. Nie 'n grote nie, maar tog 'n digteres. So soos Lina Spies." Eers as grootmens het ek besef hy het Lina, huisvriende van hulle, darem lelik in die gesig gevat. Om jou vraag te beantwoord: Ek het geen skryfdrome as kind gehad nie, maar daardie kantoor in die pastorie met die houttrap op na die tweede laag boeke ... Dít wou ek hê. Boeke kruis en dwars. Lamplig en 'n potlood wat weet wat hy wil.

2. Wat dink jy van die plaaslike voorgeskrewe boek-stelsel?

Ek wil verkieslik nie hieroor dink nie. Dit maak my bang, bedreig my skryfdrif. Dis diefstal. Die onderwysowerheid steel van die kinders: vistas, wêrelde, verbeeldingsvlugte, vensters, drome, deure. Die sondes van die vaders word besoek aan die kinders ...

3. As jy aan jouself 'n vraag moes stel, wat sou jy vra?

Gister was jy ses, vandag is jy sestig. En?

4. Dink jy dis 'n voordeel om 'n veelsydige skrywer te wees? En dink jy dít is anders in S.A. teenoor bv. in Nederland?

Alles is anders in Nederland. Ons moet ons ophou vergelyk met Europa. Ons is nie Europa nie. Ons is Afrika. Die bloeitydperk van Afrikaans het ons 'n rat voor die oë gedraai. Hoe meer veelsydig, en bekwaam veelsydig, 'n skrywer, wel, seker enige kunstenaar, kan werk, hoe meer moontlikhede. En dié is maar steeds yl.

5. **As iemand sê: “ ‘n Skrywer is net regtig ‘n skrywer as hy/sy romans skryf,” wat sal jou antwoord wees?**

Al gehoor van, byvoorbeeld, Athol Fugard?

6. **Hoe benader jy jeuglektuur teenoor boeke vir volwassnes?**

Ek het twee of wat kinderprentboeke gemaak toe my kinders self klein was. Ek is nou besig met 'n langer werk vir pre-tieners. Geen verskil: skryf en herskryf, verbeel, verbeel, verbeel en lees en lees en lees die bestes in die genre. Dieselfde toewyding. Dieselfde dissipline. En 'n nóg groter lading nederigheid, want jy skryf oor 'n plek waar jy lankal self nie meer is nie!

7. **Wat is vir jou die vernaamste verskil tussen prosa en toneelwerk?**

Klank. En die naakte minimum.

8. **Wat is jou gevoel oor die impak van resensies? En literêre pryse?**

Die impak op wie of wat? As jy na die uitwerking op die skrywer bedoel, kan ek maar net sê die beste boek of teaterstuk wen nie altyd nie, en die slegste een verloor nie altyd nie, want hierdie dinge is vloeiend en relatief. Bitsige en/of opbouende woorde en/of glasies sjampanje of gal, dis maar net die verbygaande gefladder in een hoek van die hoenderhok.

9. **Watter van jou skryfsels, in watter genre ook al, lê jou die naaste aan die hart?**

Wanneer veelsydige skrywers dit gevra word, sê hulle gewoonlik “dit waarmee ek nou besig is”. Maar dit is in werklikheid die antwoord op 'n ander vraag, is dit nie? Ek weet nie, Francois, my hart het baie kamers.

10. **Hulle beweer ‘n mens se persoonlikheid word baie vroeg al gevorm.**

Stem jy saam en hoe sal jy jou jeugjare beskryf? (Was daar baie bv. boeke in julle huis en hoe was dit om 'n onderwyser as pa te hê?).

Onderwyserskoolhoof-pa. Erg. Hy sou nou honderd jaar oud gewees het, en was in werklikheid 'n Victoriaan. Die strewe na volmaaktheid, presisie, beheer, orde... noem maar op. Ek het daardie lat geërf. (Buiten wat die binnekant van my kaste betref.) Dit is seker my lewenstaak om toenemend groter genade te hê met myself. Maar my ma was ook 'n onderwyser. Liggaamsoefening. Kon nie stil sit nie, buiten as sy naaldwerk of blomme doen. Ek erf uiteraard afsetsels van beide ouers. En, vanweë die genade en die greep van die geskiedenis waarin ek hier pienk en wit gebore is, is ek van voor my geboorte blootgelê aan musiek, toneel, ballet, boeke. En mooi lap. En goeie maniere. Ek het 'n swak vir beide. Ek gebruik doelbewus die werkwoord blootgelê. Nie -stel nie. Dit het in en oor my gebeur, ek is daarin gebaai, sonder dat ek 'n keuse daarin gehad het. Dít is genade.

11. Is jy 'n feminis? Wat beteken dit vir jou? En dink jy dis 'n skrywer se plig om op sy/haar samelewing kommentaar te lewer?

Die skrywer het net een plig en dit is om so goed as moontlik te skryf. Nee, of jinne, Francois, dis darem nou 'n vraag uit die oudedoes: 'n feminis? Laat ons eerder praat oor die tsoenami's van geweld teenoor vroue en kinders in hierdie suidelike stuk aarde van ons.

12. Dink jy ooit daaraan om op een of twee genres te fokus?

Nee. My kop dink divergerend, en verveling is 'n brakkie wat maar bly hap aan my hakke. Dit werk vir my. Hoewel die stem van die streng opvoedervader dan opwip en kwaai vra: Jan van alles, meester van niks? Ek probeer om minder oudiënsie aan dié stem te verleen. Soos ek in die antwoord by jou vraag 11 gesê het.

13. Praat jy oor manuskripte waarmee jy besig is, of voel jy ook jy praat dan die storie uit, eerder as om dit uit te skryf?

Snaaks dat jy dit vandag vra. Net gister gesels ek met Murray La Vita oor die foon en daar vertel ek hom van my kinderhoofkarakter, die een waarmee ek nou besig is. Heeltemal onbeplan en onverwags. Hy het al, jare gelede, 'n onderhoud met my gedoen. En ek raai hy is 'n ondergrawende gespreksgenoot (soos dit 'n goeie joernalis betaam). Voor jy jou kom kry, lap jy goed uit. Die kort antwoord: nee, ek praat nie.

14. Werk jy direk op 'n rekenaar, of skryf jy eers met 'n pen/potlood?.

Rekenaar. Skootrekenaar. Nie altyd noodwendig agter my lessenaar nie. Skóótrekenaar... jy begryp.

15. Het jy 'n spesiale plek waar jy verkies om te skryf en het jy 'n ideale tyd van die dag wat jy wil kreatief wees?

Hoe vroeër, hoe beter.

16. As jy 'n storie begin verbeel, is die plot die belangrikste of die karakters?

Die karakter, maar spesifiek die stem (letterlik en figuurlik) van die karakter.

17. Van watter deel van skrywer wees hou jy die meeste, en die minste?

Dit hang maar van my geestesingesteldheid af, selfs die weer, of hormonale skommeling. En in watter fase 'n manuskrip, storie toneeltekst is.

18. Hoe het jou agtergrond as joernalis jou as skrywer gehelp? En jou M.A. in Skeppende Skryfkuns?

Die verslaggewer-agtergrond, baie. *Huisgenoot* en *Sarie* se agterblaaie, en onderskrifte skryf en vertaal by *Die Burger* vroeg-tagtiges, was van die beste leermeesters. Meer so as die meestergraad in skeppende skryfwerk. Nie dat “help” ophou nie. Alles dra steeds by. Mens bly steeds oefen.

19. Het jy enige idees oor wat die regering kan doen om ‘n leeskuiluur te help vestig?

Korrupsie stop en geld pomp in eerstens pre-primêre en primêre onderwys.

20. Vertel kortliks van jou betrokkenheid by die Breytenbach Sentrum - hoe lank, hoeveel kursusse, en wat beplan jy verder daar?

Drie skryfkursusse is nou klaar. Die meeste van die studente het aanbeweeg. Hulle het stories begin publiseer in bv *Sarie*, *Rooi Rose* of *Huisgenoot*. Een is ‘n draaiboekskrywer, sommige het in kortverhaalbundels gepubliseer (ek dink aan die twee *Woordfees* bundels) en die eerste manuskripte is by uitgewers voorgelê. Ek raai dit sal met daardie manuskripte goed gaan daar. Ek wil graag aangaan. Aansoeke is nou oop vir die vierde kursus. Dit is vir my heerlik. Die studente is so uiteenlopend soos jy maar net kan raai. En slim. En hardwerkend. Hulle hou my op die puntjies van my tone. Jy kan hulle selde met ‘n slenter vang.